

Veral by 'n dinamiese vak soos RTT kan eksamenvraestelle en memoranda 'verouderd' raak. In sommige gevalle kan dit ook gebeur dat daar nou ekstra antwoorde aanvaarbaar kan wees terwyl sommige van die antwoorde nie meer van toepassing is nie.

Study Opportunities

June 2013

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 11

Vraestel 2 – Skriftelike vraestel

Memorandum

Tyd: 2.5 ure

Totaal: 125

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye (titelbladsy ingesluit)

AFDELING A

Vraag 1

1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7	1.8	1.9	1.10
C	A	D	C	B	D	D	B	D	C
✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓

[10]

[10]

Vraag 2

2.1	2.2	2.3	2.4	2.5	2.6	2.7	2.8	2.9	2.10
E	P	B	C	M	A	I	K	N	O
GPS	UPS	DIMM	DPI	RFID	3G	MP	OCR	ROM	RSI
✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓

[10]

[10]

AFDELING B

Vraag 3

3.1 Biometrie – tegnologie wat unieke biologiese eienskappe van 'n mens meet of skandeer vir identifikasie-doeleindes ✓

Net die gemagtigde gebruiker van die *flash*-skyf sal dit kan gebruik ✓

(2)

3.2.1 Enige EEN van: ✓

- Om beweging vas te stel
- Meet van pasiënte se bloeddruk en pols
- Monitor/meet van data or weerstoestande soos temperatuur, humiditeit, lugdruk
- Meterlesers, bv. water- en energieverbruik
- Monitor 'stelsel'-lesings soos lugdruk, radio-aktiwiteit

(1)

3.2.2 Enige EEN van: ✓

- Kan gebruik word in situasies waar moeilik of gevaarlik vir mens is.
- Outomaties ingesamel, sonder menslike interaksie.
- Data vinniger ingesamel of vasgelê as met menslike toevoer.
- Groter akkuraatheid, nie kans op menslike foute in vaslegging van data nie.

(1)

3.3 Kan maklik geraai of geïdentifiseer word. ✓

Dit bevat net syfers en nie 'n kombinasie van getalle/letters en spesiale karakters nie. ✓
(Moenie 'te kort / te min syfers' aanvaar nie).

(2)

3.4 Enige TWEE van: ✓✓

- Kabelslotte / toesluitbare kabinette of kaste
- Beperk fisiese toegang
- Using tracking devices / motion sensors etc.

(2)

- 3.5 Enige TWEE van: ✓✓
- Beter akkuraatheid / datavaslegging
 - Vinniger om goedere/produkte by betaalpunt te skandeer of data daaroor vas te lê.
 - Maklik om pryse te verander of op te dateer
 - Maklik om voorraad te beheer (as met voorraadstelsel gekoppel is) (2)
- 3.6 Enige TWEE van: ✓✓
- Meer skermspasie (plek vir sleutelbord onnodig)
 - Ideal for restaurants/fast-food outlets with a standard/fixed set of options
 - 'n Vorm van 'intimiteit' en 'onmiddellikheid' word aan gebruikers verskaf wat met die toestel of data werk
 - Intuïtief om te gebruik
 - Dit laat natuurlike toevoer toe soos om oor skerm te 'vee' (2)
- 3.7 Enige TWEE van: ✓✓
- Zoom (optiese of digitale zoom)
 - Grootte van sensor
 - *ISO rating*
 - Tipe/grootte van stoormedia wat voorsien word
 - Maniere om aan rekenaar te koppel (2)
- (Kwessies rakende die maak, koste, resolusies en waarborg moet **nie** aanvaar word nie.)*

[14]

Vraag 4

- 4.1.1 Geheue hou die programme en data waarmee daar gewerk word ✓
Stoor behou data en programme permanent – selfs wanneer die krag afgeskakel is ✓ (2)
- 4.1.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Geheue is vinniger as stoor
 - Geheue is (per eenheid) duurder as stoor
 - Geheue is onbestendig / benodig elektrisiteit om sy inhoud te behou (2)
- (Moenie verskil aanvaar wat met hul onderskeie funksies te doen het nie.)*
- 4.2.1 'n Drywerprogram is stelselprogrammatuur ✓ wat 'n spesifieke toestel beheer. ✓ (2)
*(In Afrikaans gee die naam klaar weg dat dit 'n **program** is – hulle moet dis sê dis **stelsel**programmatuur / 'n spesiale program / deel van bedryfstelsel, ens. vir die eerste punt)*
- 4.2.2 Nee ✓
Alhoewel meeste toestelle 'raakgesien' word en die drywerprogramme daarvoor outomaties geïnstalleer word, word die drywerprogramme steeds benodig. (2)
(Moenie 'n punt vir 'Nee' gee as geen rede verskaf word nie.) ✓

- 4.3 Enige TWEE van: ✓✓
- Maak Recycle Bin leeg
 - Verwyder tydelike lêers wat van Internet afgelaai is
 - Verwyder tydelike lêers wat deur die bedryfstelsel / Windows geskep is
 - Verwyder komponente van die bedryfstelsel wat nie benodig word nie
 - Verwyder programme wat jy nooit gebruik nie
- (2)
- 4.4.1 Skyffragmentasie is 'n proses wat plaasvind waar verskillende dele van lêers oor die skyf versprei raak. ✓
- Dit kan veroorsaak dit die rekenaar langer neem om lêers vanaf stoor te laai om oop te maak of te stoor. ✓
- (2)
- 4.4.2 Die verskillende dele van lêers wat oor die skyf versprei is word herorganiseer en saamgevoeg sodat dit vinniger is om die lêers te onttrek ✓
- Dit is egter die selfde hoeveelheid data wat gestoor is, so daar is nie dan skielik meer stoorspasie nie ✓
- (2)
- 4.5 Enige TWEE van: ✓✓
- Resolusie
 - *Contrast ratio* / kontrasskaal
 - *Aspect ratio*
 - *Response time* / reaksietyd
 - Tipe poort om te koppel (DMI en HDMI)
 - Hoek waarteen mens skerm sien
 - Verstelbaarheid van hoogte
 - Ingeboude USB-poorte
- (*Moenie grootte of enige nie-apparaat-spesifikasie soos koste aanvaar nie.*)
- (2)
- 4.6 Enige TWEE van: ✓✓
- Koppel alle komponente sodat kommunikasie / data-oordrag kan plaasvind
 - Voorsien koppelvlakke/poorte om eksterne toestelle aan die rekenaar te koppel
 - Verskaf krag vanaf die kragtoevoereenheid (*power supply*) aan toestelle
 - Voorsien gleuwe om ekstra beheerders of apparatuur soos geheue by te voeg
- (2)
- 4.7 Enige TWEE van: ✓✓
- Maklik om te gebruik / prop by USB-poort in
 - Maklik draagbaar
 - Die nuwer eksterne hardeskywe het baie groot stoorkapasiteit
 - Kan die eksterne skyf met rugsteun maklik ter wille van veiligheid op 'n ander perseel hou
- (2)
- 4.8 Rugsteun beteken om duplikate of kopieë van die lêers (op eksterne stoormedia) te maak ✓
- Argivering beteken om lêers wat baie min gebruik word of wat nie gaan verander nie van die hoofstelsel te verwyder en op eksterne stoormedia te berg ✓
- (2)

Vraag 5

- 5.1.1 'n LAN is 'n netwerk wat rekenaars oor 'n klein area soos in 'n skool, universiteitskampus of in die gebou van 'n maatskappy, verbind. ✓ (1)
- 5.1.2 EEN van: ✓ Skandeerder, drukker, slimfoon, verbruikerstabelt. (2)
- 5.1.3 Enige TWEE van: ✓✓
- Die vermoë om apparatuur te gebruik wat nie direk aan die gebruiker se rekenaar gekoppel is nie
 - Die teenwoordigheid van ekstra/logiese aandrywers, bv. S, T, U, Z, ens.
 - Die teenwoordigheid van ander rekenaars in die 'Network Neighbourhood/Places'-lêergids
 - Aktiwiteit van netwerkaktiwiteit in die *system tray*, ens. (2)
- 5.2 UTP: EEN voordeel: ✓
Goedkoop om te installeer / Maklik om te installeer
Optiese veselkabel: EEN voordeel: ✓
Ondersteun baie vinnige data-oordrag
Nie deur elektriese seine geaffekteer nie (2)
- 5.3 Koordlose vermoë / WiFi-vermoë ✓ (1)
- 5.4 'n Bediener is 'n rekenaar wat hulpbronne wat gedeel word aan netwerkgebruikers verskaf ✓
Enige EEN voorbeeld: ✓
- Lêerbediener, e-pos-bediener, *Internet/proxy*-bediener, drukkerbediener ✓ (2)
- 5.5 'n Intranet is 'n organisasie se private netwerk ✓ wat soos netwerkomgewing is wat baie soos die Internet is, omdat dit uit webblaaie bestaan ✓
Enige EEN gebruik vir 'n skool: ✓
- Plasing van ou vraestelle of studiemateriaal
 - Plasing van administratiewe of beleidsdokumente
 - Plasing van interne afkondigings, ens. (3)
- 5.6.1 'n AUP is 'n beleidsdokument waarin die regte en verantwoordelikhede van gebruikers (van die rekenaarfasiliteite) beskryf word ✓ (1)
- 5.6.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Privaatheidskwessies
 - Etiese en veilige gebruik van fasiliteite
 - Beperkings op hoeveelheid en tipe data van die Internet afgelaai mag word
 - Beleid oor gebruik van draagbare stoortoestelle
 - Detail oor beperkings insake die installering van enige apparatuur of programmatuur
 - Prosedures wat gevolg moet word as daar aanlyn bedreigings is
 - Die gevolge van oortreding van die regulasies in die AUP (2)

- 5.7.1 Spyware ✓
(Aanvaar ook malware of skadelike programmatuur) (1)
- 5.7.2 'n Keylogger is programmatuur wat aanteken watter sleutels jy op jou sleutelbord druk ✓
in 'n poging om uit te vind wat jou gebruikersname, wagwoorde en PIN's is ✓ (2)
- 5.8 Enige TWEE van: ✓✓
- Dit is maklik om die hoofskakels op te spoor / Hoofskakels is in konstante posisie op skerm
 - Skakel is kort / maklik om te verstaan
 - Skakels moet almal dieselfde lyk
 - Al die skakels moet werk (2)
- 5.9 A: Twee vrae in een of dit is vraag om te vra of mens 'baie' lees ✓
B: Vraag is te wyd gestel / oop ✓ (2)

[23]

Vraag 6

- 6.1.1 'n Primêre sleutel is 'n veld waarvoor elke rekord 'n unieke of ander waarde het / 'n Veld wat elke rekord uniek identifiseer. ✓
Die CellNo-veld is die enigste veld wat as primêre sleutel kan dien. ✓
(Moenie Email-veld aanvaar nie omdat nie alle rekords waardes daarvoor het nie). (2)
- 6.1.2 Die kriterium vir die Grade-veld moet 11 or 12 wees ✓ (aanvaar ≥ 11)
Die kriterium vir WhatsApp moet een reël op beweeg
(aanvaar beskrywing waar alle kriteria herhaal word) ✓
Geen sortering is aangedui nie. ✓
Die 'Show'-eienskappe van die Surname- en Name-velde moet geselekteer wees. ✓ (4)
- 6.2 Voeg bladsy-onderbrekings (page breaks) vóór en ná die bladsy in ✓
Verander die bladsy-oriëntasie van daardie seksie na landskap ✓
(Aanvaar ook dat die gedeelte geselekteer word en landskaporiëntasie op geselekteerde teks toegepas word.) (2)
- 6.3.1 'n Teksredigeerder ✓
(Aanvaar ook spesifieke voorbeelde soos WordPad of Notepad). (1)
- 6.3.2 Alle formatering sal verlore wees ✓ (1)
- 6.3.3 Enige EEN van: ✓
- Makliker om formatering konsekwent toe te pas.
 - Spaar tyd omdat 'n groep formateringsopsies op een slag toegepas kan word.
 - Maklik om veranderinge aan style dwarsdeur dokument aan te bring, ens. (1)

[11]

Vraag 7: Geïntegreerde Scenario

- 7.1.1 SVE / Verwerker ✓
Skyfies wat 'Dual Core' is, het 2 verwerkers ✓ (2)
- 7.1.2 4 GB ✓✓
(Gee 1 punt vir 4096.) (2)
- 7.1.3 15.6" ✓ (HD LED)
Klein skerm – dui op draagbare rekenaar. ✓ (2)
- 7.2 Enige DRIE van: ✓✓✓
• Spoed
• Resolusie
• Maandelikse werkslading / maksimum aantal bladsye per maand sonder dat breek
• Aantal kleure
• Papier-opsies, ens.
(Moenie koste, waarborge, drukker-vervaardigers aanvaar nie.) (3)
- 7.3 PDF is 'n tipe lêerformaat. ✓
Enige EEN voordeel: ✓
• Benodig nie die program waarmee die dokument oorspronklik geskep is nie.
• Die ontvanger van 'n PDF-dokument kan dit oor die algemeen nie verander.
• Die lêergrootte is gewoonlik kleiner as die oorspronklike. (2)
- 7.4 Enige TWEE van: ✓✓
• Toestelle wat met oogbeweging werk
• Toestelle wat met kopbeweging werk
• Sleutelborde met groot sleutels
• Groot trackballs
• Joysticks
• Toestelle wat met voetpedale beheer word
• Suig-en-blaas toestelle (2)
- 7.5.1 Enige TWEE van: ✓✓
• Deel van apparatuur soos 'n drukker – wat koste bespaar
• Deel van programmatuur
• Lêers word op 'n sentrale rekenaar gestoor en toegang kan vanaf enige rekenaar in die netwerk geskied
• Lêers kan maklik tussen rekenaars oorgedra word, sonder om eksterne stoortoestelle te gebruik
• Sekuriteit kan maklik in die netwerk beheer word
• 'n Internetkonneksie kan gedeel word, ens. (2)
- 7.5.2 'n NIC is 'n netwerkkoppelvlakbeheerder / netwerkkaart ✓
wat gebruik word om 'n rekenaar aan 'n netwerk te koppel /
wat die kommunikasie tussen die rekenaar en die netwerk beheer. ✓
'n Switch is 'n toestel wat gebruik word om die rekenaars in 'n netwerk te verbind ✓ sodat
kommunikasie kan plaasvind ✓ (4)

7.5.3 Enige TWEE van: ✓✓

- Die WLAN kan 'n sekuriteitsrisiko inhou as dit nie reg opgestel is nie
- Die sein kan deur elektroniese of elektriese sturings onderbreek word
- Soos wat meer rekenaars die netwerk gebruik, kan die netwerk stadiger begin werk.
- Ekstra kostes vir koordlose NIC's en toegangspunte
- Vereis meer kundigheid om op te stel, ens. (2)

7.6.1 Dit verhoed tans dat mens volgens die van kan sorteer of filter ✓ (1)

7.6.2 Monthly Salary-waardes is **geformateer** om geen desimale te vertoon nie / Die sente word nie vertoon nie, maar is steeds in die selle gestoor en deur *Excel* gebruik om die totaal te bereken ✓

Gebruik eerder die Round-funksie om die Monthly Salary-waardes af te rond as jy net met heelgetalle wil werk. ✓ (2)

7.6.3 Diegene met 'n maandelikse salaris minder as R 5000 betaal nie belasting nie. ✓
Die res betaal R 1000 ✓ plus 'n persentasie van ✓ die bedrag bo R 5000 ✓
belasting (4)

7.6.4 Absolute verwysing word gebruik om te voorkom dat selverwysings verander ✓ wanneer 'n formule na ander selle gekopieer word ✓
In hierdie geval moet die selverwysing D1 absoluut gemaak word ✓ (D\$1 of \$D\$1). (3)

7.7.1 Enige TWEE van: ✓✓

- Bespaar stoor spasie op lokale rekenaar
- Rugsteun veilig op ander 'perseel'
- Kan toegang tot lêers/data kry vanaf enige plek ter wêreld waar jy Internettoegang het
- 'n Sekere hoeveelheid stoor spasie is verniet (2)

7.7.2 Enige TWEE van: ✓✓

- Benodig Internettoegang
- Jy betaal vir die stoor van die data en die koste van oplaai en aflaai van data.
- Privaatheid / sekuriteitskwessies
- As maatskappy bankrot raak, verloor jy dalk jou data (2)

[35]

TOTAAL : 125